Laerskool Lorraine Primary School

Adres / Address: Meuselaan / Meuse Avenue, Lorraine, Port Elizabeth

Tel: (041) 367 - 1115 **Faks / Fax:** (041) 368 - 1812

E-pos / Email: info@lorraineschool.co.za

Geagte Ouers/Voogde

Dit is vir ons aangenaam om u en u kind by Laerskool Lorraine te verwelkom. Ons glo en vertrou dat die inhoud van hierdie brief en die video al die nodige inligting sal verskaf sodat u kind sy/haar skoolloopbaan op 'n positiewe noot kan begin.
Ons jaarlikse graad 1-inligtingsoggend moes ongelukkig as gevolg van die Covid-19-regulasies gekanselleer word. U sal 'n video en 'n inligtingstuk ontvang, wat al die nodige inligting vir 2022 sal bevat.

Gebruik die aangehegde bestelvorm om die volgende items te bestel.

- Lorraine-skooltas
- Lorraine-sportsak
- Lorraine-hoed
- voorskoot
- stoelsak
- haarbenodigdhede
- sakwapens

Die Covid-19-regulasies vereis dat die leerlinge deur die siftingsproses gaan, dit wil sê hul hande sal gesaniteer word en hul temperatuur sal geneem word. **Die dra van maskers is verpligtend**.

U kind/kinders benodig die volgende vir graad 1:

- 'n **Verpligte skryfbehoeftepak** wat al die nodige skryfbehoeftes vir u kind se eerste skooljaar bevat. Dit is reeds by Trink Consumables, Newtonstraat 61, Newtonpark beskikbaar. Die pak sal R400,00 kos. Die kontakpersoon daar is Kirsty Daniels (041 365 7791). **Alle items moet duidelik gemerk en in 'n *2-liter roomysbak* verpak word**. Skryfbehoeftes moet asseblief in hul **oorspronklike verpakking** gehou word en leerlinge moet dit op Dinsdag 18 Januarie 2022 saam skool toe bring. Dit sal veilig bewaar word totdat dit benodig word.
- 'n **Verpligte Lorraine-skooltas** teen R260,00 elk. Skryf asseblief u kind se naam, van, graad en telefoonnommer in die tas. (Beskikbaar by Laerskool Lorraine)
- 'n Voorskoot met langmoue of 'n ou langmouhemp vir kuns. (Beskikbaar by Laerskool Lorraine.)
- 'n Spesiale stoelsak is by die skool teen R100,00 beskikbaar.
- 'n Lorraine-sporthemp vir liggaamlike opvoeding, uitstappies en sport. (Beskikbaar by die verskeie verskaffers)

Bogenoemde items moet by die skool en die verskaffers aangekoop word.

Die skool gebruik die volgende verskaffers.

Birch's	Schultz Outfitters
2de Laan 97	Weststraat
Newtonpark	Newtonpark
(041) 363-1360	(041) 356-1919

Die volgende items word deur die leerkragte bestel om u taak vir u te vergemaklik en eenvormigheid te verseker:

- Skryfboeke - Ons bestel dit van die skool se boekkamer af.
- Dik plastiese oortreksels vir u kind se boeke.
- 'n Voorbereidingsboek wat gedurende die eerste paar weke gebruik word om die vlak van u kind se vaardighede en waarnemingsvermoëns te bepaal.
- 'n Materiaalsakkie vir sy/haar leeswoorde.
- 'n Materiaalsakkie vir sy/haar skêr, gom, potlood en skerpmaker.
- 'n A5- en A4-plastiek koevert
- 'n Naambalkie

Die koste vir die items sal ongeveer R200,00 beloop. Begroot asseblief solank hiervoor. **Hierdie gelde moet voor/op Maandag 31 Januarie 2022 by die klasonderwyseres inbetaal word.** Raadpleeg asseblief die Prospektus vir die korrekte skool- en sportdrag. Dit is verpligtend om die skoolbaadjie vanaf die tweede kwartaal te dra. Ons kan nie genoeg beklemtoon hoe belangrik dit is dat ELKE kledingstuk (ook onderklere en skoene) sowel as enige ander artikels (ook kosblikke) DUIDELIK gemerk moet word nie (voornaam en van asseblief). Dit skakel oneindige probleme en tydverspilling uit. Ons vra u vriendelike samewerking in hierdie verband.

U word vriendelik versoek om u kind op **Dinsdag 18 Januarie 2022** skool toe te bring om die geleentheid te kry om sy/haar onderwyseres te ontmoet waar hul ook aan hul klaskamer bekend gestel gaan word.

Seuns: 08:00 – 08:45 Dogters: 09:15 – 10:00

Ons sal die leerlinge voor die saal ontvang, waarvandaan hulle na hul nuwe klaskamer vir ongeveer 45 minute geneem sal word. Ons sal u kind weer voor die saal op die gegewe tyd aan u terug besorg. Ongelukkig sal geen ouers/voogde in die skool as gevolg van die Covid-19-regulasies toegelaat word nie. Vir hierdie besoek moet u asseblief nie u kind se skooldrag aantrek nie. U kind se eerste amptelike skooldag is **Woensdag 19 Januarie 2022.**

Alle graad 1-leerlinge gaan vir die eerste paar weke om 12:00 huis toe. Van **Maandag 31 Januarie 2022** sal hul egter om 13:00 huis toe gaan. Vrydae sluit die skool om 12:50 vir alle leerlinge.

Die skool het 'n tweedehandse klerebank. Die klerebank is gewoonlik op Maandae tussen 07:30 – 08:00 en op Dinsdae tussen 14:00 – 14:30 oop. Die tweedehandse klerebank sal tussen 08:00 – 10:30 op **Dinsdag 18 Januarie 2022** oop wees. Die Covid-19-regulasies vereis dat die ouers/voogde deur die siftingsproses gaan, dit wil sê hul hande sal gesaniteer word en hul temperatuur sal geneem word. **Die dra van maskers is verpligtend**.

Ons wens u alle voorspoed toe met die voorbereiding van u kind se graad 1-jaar. Kontak ons gerus op (041) 367-1115 indien daar enige onduidelikheid is.

Vriendelike groete

L. GERBER & C. LOKOTSCH
DEPARTEMENTSHOOFDE : GRONDSLAGFASE
2021-09-30

J.J. HARMSE
SKOOLHOOF